

# JEUG-BEDIENING 2026



# Inligtingsblad vir JEUGBEDIENING

## *WELKOM BY SONSTRAAL GEMEENTE!*

Mag 2026 'n wonderlike en vreugdevolle jaar vir u en u gesin wees.

Die volgende vrae sal hier in die boekie bespreek word:

**Junior Kategese (3 jaar tot Gr 6)**

- Hoe werk Junior Kategese?
- Waar is my kind(ers) se kategese lokale?
- Is daar "events" waarvan ek bewus moet wees?
- Hoe kan ek my kind vir kategese registreer?

**Senior Kategese (Gr 6 tot Matriek)**

- Hoe werk Senior Kategese?
- Is daar "events" waarvan ek bewus moet wees?
- Hoe kan ek my kind vir kategese registreer?

SONSTRAAL GEMEENTE
*leef om te dien*

# JUNIOR-KATEGESE 2026

# BELANGRIKE EVENTS

**KWARTAAL 1:**

- 18 Januarie - Kategese begin
- 18 Februarie - Aswoensdag Erediens (19h00)
- 22 Maart - Kategese eindig vir die kwartaal

**KWARTAAL 2:**

- 12 April - Kategese begin
- 17 tot 21 Mei - Kinderpinkster (19h00)
- 29 Mei - Basaar
- 21 Junie - Kategese eindig vir die kwartaal

**KWARTAAL 3:**

- 26 Julie - Kategese begin
- 20 September -Kategese eindig vir die kwartaal
- 30 September tot 2 Oktober - Avontuurweek

**KWARTAAL 4:**

- 11 Oktober - Kategese begin
- 23 tot 24 Oktober - Familiekamp
- 8 November - Kategese -afsluiting vir die jaar (Kindererediens)

# Hoe werk JUNIOR KATEGESE??

Junior Kategese by Sonstraal Gemeente vind tydens die erediens plaas. Die idee is dat alle 3 jariges tot Gr 6'e saam met Mamma en Pappa of hul voogde die erediens wat om 09h00 begin, bywoon. Gedurende die erediens sal kinders na die kindermoment die erediens verlaat om na hul lokale te beweeg waar hulle kategese sal ontvang.

In terme van die Groei Gogga's is mamma en pappa meer as welkom om die eerste paar kere by boeta of sussa wil sit net totdat hulle gemaklik is om op hul eie die kategese by te woon.

**WAAR IS MY KIND SE KATEGESEKLAS:**

- **3- tot 5-jariges - Kleinkerkie**
- **Gr R'e - Blouklas**
- **Gr 1's - Oranjeklas**
- **Gr 2's - Persklas**
- **Gr 3 - Geelklas**
- **Gr 4 - Rooiklas**
- **Gr 5 - Groenklas**
- **Gr 6 - Saal**



So die idee is dat u kind ook 'n les ontvang en van die Here leer by hul kategese klasse terwyl julle na die preek luister. Die jaar gaan die gemeente gebruik maak van Jeugfokus se materiaal vir die Gr R'e tot Graad 6. Die 3-tot 5-jariges maak gebruik van die boek: Groei Goggas.





# HOE OM MY KIND TE REGISTREER VIR KATEGESE?

Liewe Ouer(s)/Voog(de) julle kan jul kind(ers) registreer deur die QR-Kode te skandeer en dan die vorm op “Google forms” in te vul. Indien u eerder die vorm in persoon wil invul kan u gerus die vorm by die kerkkantoor of by u kind se kategeet kry en inhandig.

**Indien julle enige navrae het oor die Kinderbediening, kontak my gerus Ds. Mia Oliver by: mia@sonstraal.org.za**
**Enige ouer wat belangstel om uit te help by die kinderbediening en/of by die kategese is meer as welkom om vir my of die kerkkantoor (021 976 1236 / kantoor@sonstraal.org.za) te kontak.**

# SENIOR-KATEGESE 2026

# BELANGRIKE EVENTS



**KWARTAAL 1:**

- <u>**16 – 18 Januarie: Gr.10 & Gr.11 Belydeniskamp**</u>
- **18 Januarie – Kategese begin**
- **18 Februarie – Aswoensdag Erediens (19h00)**
- **22 Maart – Kategese eindig vir die kwartaal**

**KWARTAAL 2:**

- **12 April – Kategese begin**
- **17  – 21 Mei: Pinkster**
- **29 Mei – Basaar**
- **21 Junie – Kategese eindig vir die kwartaal**

**KWARTAAL 3:**

- **26 Julie – Kategese begin**
- **20 September –Kategese eindig vir die kwartaal**
- **25 September – 4 Oktober: Zithulele Uitreik**
- **30 September tot 2 Oktober – Avontuurweek (hoërskool leerders: ons kort julle as leiers!)**


**KWARTAAL 4:**

- **11 Oktober – Kategese begin**
- <u>**25 Oktober – Belydenisaflegging**</u>
- **23 tot 24 Oktober – Familiekamp**
- **8 November – Afsluiting vir die jaar & Gr.6 Oorstapdiens**

**!**

*Enige ander events wat deur die jaar gereël word sal gekommunikeer word op Sonstraal Gemeente se kontak, asook die verskeie Whatsapp groepe van die gemeente*

# Hoe werk SENIOR KATEGESE?



Seniorkategese vind plaas **na** die aanddiens, wat om 18:00 is by die kerkgebou. Groepe word ingedeel volgens graad en gaan na verskeie lokale in die kerkgebou en Pikke Paradys se klaskamers na die diens.

Elke groep word gelei deur 'n groepleier wat deur die week se les werk met die groep. Hierdie lesse hou verband met die boodskap van die diens self en dien as 'n geleentheid vir saam reis deur die Bybel, deur geloof, en saam met God (en mekaar!).

Let wel, daar is **geen** aanddienste - **en dus geen seniorkategese** - tydens langnaweke en skoolvakansies nie.

Weens die aard van seniorkategese - dat dit 'n reis met onsself, mekaar, en God is - wil ons jongmense uitnooi om, sover as moontlik, elke Sondag se kategese by te woon. Hierdie is veral belangrik vir ons twee belydenisgroepe (Gr.10 en Gr.11), siende dat ons belydenis program oor twee jare strek.

**Enige** tiener wat deel vorm van die seniorkategese kan ook met liefde hul hand opsteek om dienste te verleën in die aanddienste - of dit nou is om in die band te speel, om te help met dankoffers opneem, of selfs om deel te word van die beplanningspan wat saam droom, dink, en reël aan verskeie events vir ons jongmense. Enige volwassene is ook meer as welkom om kategese leiers te wees indien hulle voel dit lê op hul hart.

**Maak gerus kontak met Ds Zandré (072 110 1410 / zandre@sonstraal.org.za) of die kerkkantoor (021 976 1236 / kantoor@sonstraal.org.za) indien jy as ouer of een van jou jongmense belangstel om uit te help!**



# HOE OM MY KIND TE REGISTREER VIR SENIORKATEGESE?



Liewe Ouer(s)/Voog(de) julle kan jul kind(ers) registreer deur die QR-Kode te skandeer en dan die vorm op “Google forms” in te vul. Indien u eerder die vorm in persoon wil invul kan u gerus die vorm by die kerkkantoor of by u kind se kategeet kry en inhandig.

**Enige navrae oor seniorkategese kan aan Ds Zandré gestuur word:**
**zandre@sonstraal.org.za**
**072 110 1410**

